

# UIT DIE HOOFKANTOOR



21 Junie 2023

Geagte Agri NW lid

Agri NW word dikwels in assosiasie met ander organisasies gemeld vanweë die hoë profiel en agting wat die Organisasie oor jare heen verwerf het en oor die algemeen geniet. Dit is noodsaaklik dat lede ingelig is oor waar en hoe Agri NW geposisioneer word en wat die beginsel grondslag daarvoor is. Om duidelikheid hieroor te verleen ontvang hiermee die onderstaande standpunt soos deur die Algemene Raad van Agri NW gemandateer op 14 Junie 2023.

## **AGRI NW STANDVASTIGE EN BETROUBARE SPREEKBUIS IN DIENS VAN BOERE**

1. Agri NW is 'n Burgerlike Samelewings Diensorganisasie wat daarna streef om die belange van Landbouers te dien en te bevorder om hul welvaart en voortbestaan te verseker.
2. As 'n onafhanklike provinsiale affiliasie van Agri SA neem Agri NW outonome besluite in ooreenstemming met die behoeftes en verklaarde belange van boere.
3. Agri NW skakel met Agri SA as 'n nasionale spreekbuis om grondvlak behoeftes aan te spreek en oplossings daarvoor te help vind en lewer ook insette tot Agri SA se beleid besluite en standpunte.
4. Agri NW ontvang ook leiding vanaf Agri SA in verband met nasionale vraagstukke en sake van gemeenskaplike belang waartoe ingestem word.
5. Agri NW ondersteun en bevorder samewerkende en gekoördineerde optrede tussen enersdenkende organisasies om gesamentlike doelwitte waaroor daar ooreengekom word te verwesenlik.
6. Agri NW het daarom 'n netwerk van bondgenote, vennote en medewerkers met wie geassosieer word om 'n kragtige verenigde front te vorm om hierdie doelwitte te bereik.
7. Agri NW assosieer en dis assosieer vrylik van ander organisasies in ooreenstemming met beleid beginsels soos bepaal deur boere se behoeftes om volhoubare landbou te ondersteun.
8. Agri NW streef daarna om as brug bouer en vredemaker op te tree om misverstande en konflik tussen opponerende groepe op te los.
9. Agri NW is oortuig daarvan dat boere se belange nie in isolasie gedien en beskerm kan word nie maar dat die invloed en belange van ander rolspelers in die interne en eksterne omgewing na behore verreken moet word.

Agri NW-groete

*Boeta du Toit*

**Uitvoerende Hoofbestuurder**